higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

064Q1B2210

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËRONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE BOERDEYBESTUURINLIGTINGSTELSEL

1.1 Lys die afdelings van die finansiële jaarstate van 'n boerderyonderneming. (4)

1.2 Watter vereistes en omvang moet ‘n finansiëlebestuursinligtingstelsel (FBIS) nakom? (3)

1.3 ‘n Boer het gehoor van die inligtingstelsel vir plaasbestuur en besluit om dit te gebruik.
Gee die boer raad oor die SEWE stappe wat hy of sy moet volg om hierdie stelsel te gebruik. (7)

1.4 Die volgende vrae hou verband met die inventaris van die bateregister:

1.4.1 Verduidelik kortliks waaruit 'n inventaris van 'n boerderyonderneming bestaan. (2)

1.4.2 Vir die doeleindes van 'n inventaris word die boerderybates oor die algemeen in vyf hoofgroepe verdeel. Noem die VYF hoofgroepe. (10)

1.4.3 Watter riglyn vir inventarisdoeleindes kan gebruik word om die waarde van die grond te skat? (2)

1.4.4 Watter riglyn kan gebruik word om slaglammers wat gereed is vir die mark te waardeer? (2)

1.5 Volgens die reguitlynmetode van depresiasie (waardevermindering) word 'n vaste waardeverminderingbedrag jaarliks bepaal.

Noem TWEE nadele van hierdie metode van die berekening van depresiasie (2 × 2) (4)

1.6 Onderskei tussen die terme *appresiasie* (waardevermeerdering) en *depresiasie* (waardevermindering) ten opsigte van plaasbates. (2 × 2) (4)

Gestel die volgende inligting is beskikbaar vir 'n bate wat gekoop moet word:

Kosprys van die bate	= R100 000
Verwagte reddingswaarde van die bate	= R10 000
Verwagte lewensduur van die bate	= 10 jaar of 10 000 uur

Doen die volgende berekeninge en toon die nodige formules:

1.7.1 As die afnemendesaldometode vir die berekening van depresiasie gebruik word, wat sal die depresiasiekoers per jaar wees? (2)

1.7.2 Wat sal die depresiasiebedrag vir die eerste jaar wees as die afnemendesaldometode gebruik word? (4)

1.7.3 Wat sal die boekwaarde van die bate ná een jaar wees as bogenoemde metode van depresiasieberekening gebruik word? (2)

Kopiereg voorbehou

1.7.4 Gestel die bate word in 'n spesifieke jaar vir 1 000 uur gebruik, wat sal die depresiasiebedrag wees as die gebruiktemetode van depresiasieberekening gebruik word? (4)

[50]

VRAAG 2: BOERDERYBALANSSTAAT

2.1 Die plaas-eienaar van die Hard-at-work Sheep Farming Enterprise is nie kundig oor sekere terme wat in die balansstaat gebruik word nie.

Onderskei tussen die volgende terme in jou eie woorde sodat die plaas-eienaar dit sal verstaan:

2.1.1 Finansieringstruktuur en finansiële struktuur

2.1.2 Netto bedryfsbates en netto waarde

(4 × 2) (8)

2.2 Die volgende inligting oor Hard-at-work Sheep Farming Enterprise is beskikbaar soos op Desember 2015:

Beskrywing	**Waarde (R)**
Grond en kantoorgeboue	700 000
Aandele by nabygeleë braaihoenderonderneming	220 000
Koelkamer vir skaap	350 000
Waterpomp	70 000
Afleweringswa	95 000
Opgehoopte depresiasie van waterpomp	10 000
Opgehoopte depresiasie van afleweringswa	15 000
Mediese voorraad	13 000
Lewende skaap op krediet verkoop	40 000
Lopenderekeningsaldo by Standard Bank	30 000
Slagpale vir slag en verpakking	440 000
Agterstallige Telkom-rekening	11 000
Skaap gereed om te verkoop	19 000
Gekonsentreerde voer vir skaap	40 000
Ooie en ramme vir teel	25 000
Bruto produksiewaarde vir wol	60 000
10-jaar lening	50 000
Huurgrond gebruik vir weiding	120 000
Ongunstige saldo by beleggingsbank	9 000

Bykomende inligting rakende die boerderyonderneming op 30 Junie 2016 is soos volg:

- Saldo van paaiementverkope vir afleweringswa is R50 000
- Elektrisiteitsrekening vooraf betaal tot die bedrag van R10 000
- Skoolgeld betaal vir die eienaar se kinders is R14 000
- Saldo op verbandlening vir grond en geboue van R500 000
- Skaap ter waarde van R15 000 is verkoop op 30 Junie 2016 en die geld is steeds in die kluis want die is steeds gesluit vir die vakansie
- R10 000 vir mediese voorraad word steeds aan verskaffers geskuld

Kopiereg voorbehou

2.2.1 Stel 'n balansstaat op soos op 30 Junie 2016.

LET WEL: Verkeerde antwoorde sal negatief nagesien word (34)

2.2.2 Bepaal die waarde van die totale kapitaal wat gebruik word. (3)

2.2.3 Bereken die waarde van die totale buitelandse kapitaal wat gebruik is. (2)

2.2.4 Noem al die items in bogenoemde inligting wat nie in die balansstaat ingesluit moet word nie. (3)
[50]

VRAAG 3: BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Verduidelik wat die volgende terme beteken:

3.1.1 Bruto produksiewaarde (3)

3.1.2 Netto plaasinkomste (2)

3.1.3 Buitelandse kapitaal (2)

3.1.4 Plaaswins (4)

Kopiereg voorbehou

3.2 U plaas bedryf 'n boktak, pluimveetak en kontantgewastak. Die volgende inligting oor 'n spesifieke finansiële jaar is beskikbaar (alle syfers in rand):

	R
Melkverkope	50 000
Teelbokke gekoop	200 000
Bokke aan die begin van die jaar	500 000
Bokke aan die einde van die jaar	300 000
Gewasse vir bokke gevoer	12 000
Gewasse aan die supermark verkoop	70 000
Waarde van gewasse deur werkers verbruik	5 000
Verpakkingsmateriaal vir melk	2 000
Waarde van gesteelde bokke	15 000
Bokkarkasse aan plaaslike slagter verkoop	510 000
Voer vir bokke gekoop	3 000
Rente op lenings	12 000
Elektrisiteit	15 000
Onderhoud van voertuie	20 000
Melk deur eienaar verbruik	1 000
Diesel aan die begin van die jaar	6 000
Diesel aan die einde van die jaar	3 000
Diesel gedurende die jaar gekoop	10 000
Skoolgeld vir kinders betaal	4 000
Veeartsenykundevoorraad	5 000
Diverse boerderykoste	10 000
Huur van buurgrond	3 000
Depresiasie van toerusting	30 000
Lone aan skeerders betaal	5 000
Lone aan permanente personeel	40 000
Eiers aan Shoprite verkoop	179 000
Hoenderkos gekoop	10 000
Rantsoene vir werkers gekoop	4 000

INSTRUKSIE: Bepaal die boerderywins. (Toon al die stappe in jou berekeninge.) (39)
[50]

VRAAG 4: PRODUKSIE-EKONOMIEBEGINSELS

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.6) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.1.1 Die marginale opbrengste neem voortdurend toe namate meer insette in die produksieproses gebruik word.

4.1.2 Die winsmaksimaliseringspunt van enige boerderyonderneming is op die punt waar marginale inkomste gelyk is aan marginale koste.

4.1.3 Die formulering van organisatoriese doelstellings is die eerste stap in rasionele besluitneming.

4.1.4 Die pligte van 'n finansiële bestuurder sluit beplanning, ontleding, beheer en leiding in.

4.1.5 Die gemiddelde fisiese produk is dieselfde as die marginale produk.

4.1.6 Die funksie van ‘n finansiële bestuurder wat die verkryging van fondse betref, het te make met die kapitaalverkryging van fondse.

(6 × 1) (6)

4.2 Beskryf kortliks die wet op afnemende marginale opbrengste. (4)

4.3 Definieer kortliks die term *marginaliteit*. (2)

4.4 Verduidelik kortliks die volgende produkte / produkverhoudinge en gee 'n voorbeeld van elkeen.

4.4.1 Gesamentlike Produkte

4.4.2 Aanvullende Produkte

4.4.3 Komplementêre Produkte

4.4.4 Antagonistiese Produkte

(4 × 4) (16)

4.5 Beantwoorde die volgende vrae oor kostebeginsels:

4.5.1 Noem die DRIE soorte koste wat gebruik kan word om die optimale produksievlak te bepaal, wat die vlak is waar wins maksimeer word.

(3 × 2) (6)

4.5.2 Kopieer die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit (Rond af tot een desimale punt):

Produksie per hektaar (ton/ha)	Totale vaste koste (R)	Totale veranderlike koste (R/t)	Totale koste (R/t)	Gemiddelde vaste koste	Gemiddelde veranderlike koste (R/t)	Gemiddelde totale koste (R/t)	Marginale koste (R/t)
6.0	500	650					
8.0		500					
10.0		600					

(16)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou